SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SOUTH AFRICAN TEACHERS' UNION
Nasionale Kantoor / National Office

SAOU

Nuusbrief / Newsletter

012 436 0900 / 086 072 6843 012 348 9658 saou@saou.co.za

NUUSBRIEF 29 NEWSLETTER 03/06/2015

OPERASIE KENNISBOU 2

OPKNAPPING VAN VAKKENNIS

WISKUNDE EN NATUURWETENSKAP INTERMEDIÊRE FASE (GRAAD 4 – 6)

Daar word die afgelope ruk wyd gespekuleer dat die vakkennis van opvoeders nie gereeld genoeg opgedateer word nie. Verder, word die stelling gemaak dat die gebrek aan opdatering van vakkennis een van die onderliggende redes is waarom leerders nie bevredigend presteer tydens die afneem van die Jaarlikse Nasionale Assesserings (JNA) nie. Die SAOU wil nie deelneem aan hierdie debat nie, aangesien dit eerder opvoeders vervreem en antagoniseer. Die SAOU se fokus is veel eerder daarop om pro-aktief die aangeleentheid te benader en opvoeders in staat te stel om 'n kursus by te woon waartydens sterk gefokus sal word op die opknapping van vakkennis.

Die SAOU is tans besig met die beplanning van 'n opwindende opleidingsinisiatief: *Operasie Kennisbou*. Gedurende die komende wintervakansie word twee opleidingsgeleenthede aangebied wat fokus op die vakkennis van Intermediêre Fase Wiskunde en Natuurwetenskap. Die heel beste kundiges op hierdie terreine is geïdentifiseer om die kursusse te lei waartydens problematiese konsepte wat in die KABV-dokumente voorkom aandag sal geniet. Tydens die sessies sal aanbiedings gedoen word met behulp van PowerPoint aanbiedings en interessante klaskamerwenke.

'n Spesiale sertifikaat sal na die tyd voorsien word ten einde te bevestig dat persone wat bygewoon het, se vakkennis volledig weer opgeknap is.

As voorloper tot 'n nasionale SAOU inisiatief, word 'n loodsprojek vir 70 onderwysers gebied om 'n 5-dag opleidingsessie in Pretoria by te woon. As deel van die loodsprojek word die aanbiedings net in Afrikaans aangebied.

Navrae: Maryna Besseling (marynab@saou.co.za)
Registrasienavrae: Liezl Henrich (liezlh@saou.co.za)

LOODSPROJEK: REGISTRASIEPROSEDURE

Natuurwetenskap

- Koste: R500-00
- Plek: SAOU Uitvoerende Sentrum, Pretoria.
- Datum: 06 tot 10 Julie 2015
- Tyd: 09:00 – 16:00
- Sluitingsdatum: 25 Junie 2015
- Om te registreer kliek hier

Wiskunde

- Koste: R500-00
- Plek: SAOU Uitvoerende Sentrum, Pretoria.
- Datum: 13 tot 17 Julie 2015
- Tyd: 09:00 – 16:00
- Sluitingsdatum: 25 Junie 2015
- Om te registreer kliek hier